DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie WINTER NUUSBRIEF

25 AUGUSTUS 2023

BELANGRIKE DATUMS
(nuutste aangepaste datums)

25 Augustus: Conquesta 6:30
Centurion Kunstefees Redenaars 14:00-17:00 (saal)
Junior Koor Legato Choir Festival
Hokkie Seuns vs Bakenkop te H/s Eldoraigne

28 Augustus: Krieket vs Midstream Ridge o/12B (tuis), o/13B (weg)
Tennis dogters vs Irene Primary (weg), Oop 1 seuns vs Maragon (weg), Oop 2 seuns vs Hennopspark (tuis)

29 Augustus: Krieket vs Midstream Ridge o/12A (tuis), o/13A (weg)
Sagtebalproewe o/12, o/13 Rietfontein-Noord Primary

30 Augustus: Centurion Kunstefees Redenaars 14:00-17:00 saal
Krieket vs Midstream Ridge o/9A (weg), vs Villieria o/9B (tuis)

31 Augustus: Centurion Kunstefees Redenaaars 14:00-17:00 saal
Krieket vs Midstream Ridge o/10A (tuis), o/11A (weg)

1 September: Hokkie dogters vs Pretoria-Oos te Girls High, o/13 seuns vs Glenstansia Primary (weg)
Krieket vs Midstream Ridge o/10B (tuis), o/11B (weg)

SPORT KOMMUNIKASIE:
Let asb daarop dat geen sportreëlings verder op D6 geplaas gaan word nie. Slegs die "Team App" sal gebruik word vir sport. Laai asb die toepassing af om inligting te ontvang - www.teamapp.com

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

'n Glimlag is 'n woord uit die wêreldtaal wat deur almal verstaan word.

Brouwer

PERSONEEL VERJAARSDAE
28-31 Augustus 2023
Me Sheree Nel

LEERDER VERJAARSDAE
28-31 Augustus 2023
Engelbrecht Willem, Enslin Nathan, Fourie Zoey, Pienaar Nina, Reynolds Shayne, Flock Alex, Frylinck Bianca, Van Der Westhuizen Illenay, Viljoen Dylan, Anderson Luandré, Bornman Matthew, Van Rooyen Jani, Van Der Bank Dané, Van Rensburg Amoné.

BEMARKING:
Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: **sarie.3v@louisleipoldt.co.za**

DIE LEIPIE SKATKIS (TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE):
Tweedehandse skoolklere word by Die Leipie Skatkis, (huis in Parkstraat), op Dinsdae en Woensdae vanaf 13:50-14:50 verkoop. Skenkings vanaf ouers in die verband word baie waardeer.

SOMERSKOOLDRAG:
Aangesien dit warmer word en lente oppad is, kan leerders begin om somerskooldrag te dra. Ons gee twee weke vir die oorgangsfase en alle leerders dra vanaf **4 September 2023** ampetlik somersdrag.

Leipie NUUSBRIEF 2

SAGTEBAL: vs Skuilkrans - o/10A, o/11A, o/12A, o/13A wen.
Geluk aan die volgende spelers wat deurdring na die finale rondte proewe: **o/12** – Genna Claassen, Tyler van Rooyen, Kara Holtzhausen, **o/13** – Mia de Jager, Gabby Arderne, Tatum Lemmer, Lara van der Poll.
HOKKIE: vs Curro Thatchfield – o/10, o/11, o/12, o/13 wen.
KRIEKET: vs Magalieskruin – o/10A, o/13A wen.

LIEDJIEFEES KAARTJIES:
Goue Sirkel kaartjies - R150 (uitverkoop)
Gewone kaartjies - R100 - Met 'n gewone kaartjie bring u self u en u gesin se stoele en kan enige plek sit in die aangeduide area op die rugbyveld.
NB!! Let asb daarop dat kaartjieverkope slegs vanaf 7:00-7:30 en 13:00-13:30 sal plaasvind agv veiligheidsredes. GEEN KAARTFASILITEIT.

VROEËR AFHAAL VAN LEERDERS:
Indien 'n leerder vroeër afgehaal moet word, moet u self by ontvangs kom uitteken vir die leerder met redes gemeld. Indien die leerder weer terugkom skool toe, moet u hom/haar self kom terugteken by ontvangs. Leerders mag nie net by die skoolhek afgelaai word nie. Indien leerders nog assesserings het wat daardie dag gedoen moet word (gr 4-7), moet u 'n vorm voltooi waarop u aandui wanneer hierdie assesserings ingehaal gaan word.
NB! Let asb ook daarop dat **geen** leerder self hul ouers mag kontak gedurende skooltyd. Volgens die skoolbeleid moet alle elektoniese toestelle tydens skooltyd afgeskakel word. Die skoolkantoor sal ouers kontak indien nodig.

VERLORE KLERE:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en buitemuurse aktiwitieit.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Onderwysers neem tydens die registerperiode, 7:30 - 7:40 register. **Leeerders moet aanwesig wees in die registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk.** Leerders wat laat kom, moet deur ouers/voogde vergesel word en by die kantoor ingeteken word. Die leerder sal dan 'n briefie ontvang om aan die betrokke personeellid te toon. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom, bv. 'n doktersafspraak, moet u hom/haar steeds na die kantoor vergesel en inteken, asook die rede vir laat inteken verskaf.